Verander bemagtigende wetgewing na beperkende wetgewing

IIn ons voortgesette kritiese beskouing van die Konsepwysigingswetsontwerp op die Beheer van Vuurwapens blyk dit duidelik dat die regering met hierdie stuk wetgewing die wet wil omskep van **bemagtigend tot beperkend**. Derhalwe, betwis ons die kenmerkende veranderinge in Artikel 2 wat die oogmerk en bedoeling van die wetsontwerp uitspel.

Volgens bestaande wetgewing het die wetsontwerp ’n bemagtigingsdoel om landsburgers se grondwetlike reg tot lewe en fisiese integriteit teen alle koste te beskerm, insluitende eienaarskap van ’n vuurwapen. Die voorgestelde omskrywing van die bedoeling van die hierdie wetsontwerp is om die burgerlike samelewing se toegang tot vuurwapens te beperk, openbare orde te verseker, die burgery te beskerm, en om te voldoen aan die streeks- en internasionale neiging tot vuurwapenbeheer wat die aanslag van die wet beperkend maak.

Ons kommentaar/opinie: *Die voorgestelde beskrywing van die doel is daarop gemik om die burgery te ontwapen en van hulle siviele reg te ontneem om ’n Artikel 13 vuurwapenlisensie te bekom wat eienaarskap van ’n vuurwapen vir selfverdediging toelaat (m.a.w. to ‘enhance the constitutional right to life and bodily integrity’). Tans erken en ondersteun die wet die beginsel dat vuurwapeneienaarskap die grondwetlike reg tot lewe verhoog terwyl die nuwe beskrywing dit as ’n voorreg beskou. Hierdie aspek is reeds in vorige inligtingstukke bespreek waarin die verskillende belangrike elemente oor die interpretasie van die Grondwetlike hofuitspraak beklemtoon is.*

Daar is veral twee kommerwekkende subartikels:
Subartikel 2A:
(a) confirm firearm possession and use as not being a right but a privilege that is conditional on the overriding need to ensure public safety and (b) improve public safety by

(i) imposing strict controls on the possession and use of firearms
(ii) promoting the safe and responsible storage and use of firearms and
(iii) providing a framework for a holistic approach to the control of firearms

Ons kommentaar/opinie: *Weer eens beklemtoon hierdie wysigings die verandering van reg tot eienaarskap van ’n vuurwapen na die voorreg van eienaarskap gekoppel aan die oorhoofse behoefte aan openbare veiligheid wat nou, klaarblyklik, aan die Polisie oorgelaat word. Die bedoeling of implikasie is dat die verbod op eienaarskap van ’n vuurwapen vir selfverdedigingsdoeleindes tot beter openbare veiligheid sal lei, tesame aan ’n holistiese benadering tot die beheer oor vuurwapens. Wat behels hierdie beheer in die praktyk? Die wetsontwerp fokus dus op vuurwapens in wettige besit sonder enige impak op onwettige vuurwapens wat die eintlike sondebok is nie.*

Subartikel2B se toevoegings tot die wet is soos volg:
The objects of this Act are to—
(a) prohibit the possession and use of prohibited firearms and self-loading rifles and shotguns, except in special circumstances;
(b) establish an integrated licensing and registration scheme for all firearms;
(c) require each person who possesses or uses a firearm under the authority of a licence to provide a valid reason for possessing or using the firearm;
(d) provide strict requirements that must be satisfied in relation to licensing and renewal of licences in respect of firearms and the acquisition and supply of firearms; and
(e) ensure that firearms are stored and conveyed in a safe and secure manner;”

Ons kommentaar/opinie: *Sedert 2006, was die suksesvolle implementering van die Wet op die Beheer van Vuurwapens alreeds vir die Polisie ’n uitdaging, en met hierdie toevoegings sal hulle werklas net toeneem. Sonder addisionele hulpbronne is dit ’n goeie vraag oor hoe die toevoegings geïmplementeer sal word. Die onduidelikheid van sekere elemente (soos “special circumstances” ten opsigte van die besit van verbode vuurwapens) is veral kommerwekkend.*

ONS FOKUS DEURGAANS OP

Die stappe wat SA Jagters sal neem om implementering van hierdie wetgewing te staak, nl:

- **Neem regstappe** teen die regering om die voorgestelde wetswysigings te laat vaar.
- **Weerlê die anti-vuurwapen propaganda** en waninligting
- Beklemtoon dat dit elke wetsgehoorsame **burger se reg** is om ’n vuurwapen te besit
- Verskaf **kommentaar en petisies** wat duisende burgers ’n stem gee om die **regering se pogings te stuit**
- **Snoer kragte saam** met ander rolspelers in die bedryf vir **groter druk**